10 jaar en ouer

# My Kreatiewe Bybel Joernaal

Galasiërs

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

Heuningsoet Woord & Gees

Psalm 19:10&11

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan
verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word
wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God
beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie Bybelstudie?

**Dag 1 :** Die Evangelie van Jesus

**Dag 2 :** Wie is Paulus die Apostel ?

**Dag 3 :** Paulus, die Apostel

**Dag 4 :** Paulus, Petrus en Geloof in Jesus

**Dag 5 :** Wette of Geloof in Jesus?

**Dag 6 :** Die Wet en die Belofte

**Dag 7 :** Van Slaaf tot Seun

**Dag 8 :** Paulus is besorg

**Dag 9 :** Hagar en Sara

**Dag 10 :** My Sondage Natuur en Heilige Gees

**Dag 11 :** Dra Mekaar se Laste

# Dag 1: Die Evangelie van Jesus

Blaai na **Galasiërs 2:20** en voltooi die vers in die blokkie hieronder. Hierdie is woorde wat Paulus verklaar het. Hy het vas geglo dat hy vir God lewe en nie meer net vir homself nie. Dit wat hy gedoen en gesê het, het hy gedoen en sê, om **Jesus se Naam** te verkondig oral waar hy gegaan het.



... en nou is dit nie ____________________________,

maar ______________________________________________________. Gal 2 :20a

1. Bid ‘n kort gebed voor jy uit jou Bybel lees. Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn soos wat jy deur jou Bybel lees.

2. Lees **Galasiërs 1:1-10** hardop en rustig deur. Luister mooi na hoe Paulus die mense van Galasië leer in sy brief aan hulle.

Paulus se naam was eers Saulus. As Saulus, het hy die eerste kerk/ bekeerlinge (die mense wat in Jesus geglo het) wreed vervolg. Saulus het nie op daardie stadium self in Jesus geglo nie en daarom het hy almal wat wél in Jesus geglo het, gevang of selfs laat doodmaak. Maar God beskerm self Sy kinders in nood. Tydens ‘n baie drastiese ontmoeting (oppad na Damaskus), verander Saulus se lewe in een oomblik toe Jesus self aan Hom verskyn en met Hom gesels. Jy kan hiervan lees in **Handelinge 9**. Saulus se naam verander toe na Paulus. Hierna het Paulus eers as dissipel en toe as apostel (gestuurde) die **boodskap van Jesus** (**evangelie**) aan baie mense verkondig (vertel).

3. Hoe sê Paulus, wie het hom aangestel en gestuur, om mense van Jesus te vertel? (**vers 1-2**)

______________________________________________________________

4. Gee sinonieme vir die volgende woorde.



| | |
|---|---|
| Aanneem (v.6) | ______________________ |
| Afvallig (v.6) | ______________________ |
| Verdraai (v.7) | ______________________ |
| Verwarring (v.7) | ______________________ |

5. Verduidelik vanuit **verse 6 en 7** wat Paulus se probeem was met die mense van Galasië.

______________________________________________

______________________________________________

6. In **vers 9** vertel Paulus **die gevolg daarvan**, indien enige iemand die werklike gebeurtenis van Jesus se koms na die aarde en die getuienis van Sy lewe **verander of verdraai** en dit dan so vals aan mense leer. Wat sal met sulke mense gebeur?

______________________________________________

7. Soek **Deuteronomium 4:2** en skryf dit oor in die blokkie.



8. Lees nou die **laaste waarskuwing** wat in die Bybel gegee word in **Openbaring 22:18-19.** Vertel in jou eie woorde waarteen die mens **gewaarsku** word.

______________________________________________

______________________________________________

9. Voltooi die sin :



Ek het vandag geleer ______________________________________

______________________________________________

# Dag 2: Wie is Paulus die Apostel

Blaai weer na **Galasiërs 2:20** en voltooi Paulus se woorde in die blokkie hieronder. Paulus het vas geglo dat hy vir God alleen lewe en nie meer net vir homself nie. Dit wat hy gedoen en gesê het, was alleen om **Jesus se naam** te verkondig oral waar hy gegaan het.



... en nou is dit nie ______________________________________,

maar ______________________________________________. Gal 2 :20a

1. Nooi Heilige Gees uit om saam met jou verder te lees in Galasiërs. Met Sy hulp sal jy dit wat jy in die Bybel lees, baie beter kan verstaan.



2. Lees rustig en nadenkend deur **Galasiërs 1:11-24** . Paulus vertel nou vir die mense van Galasië bietjie meer oor homself.

3. Verduidelik wat hierdie woorde beteken of hoe jy dit verstaan:

evangelie (v.12) ______________________________

openbaring (v.12) ______________________________

aanhanger (v.13) ______________________________

vervolg (v.13) ______________________________

Paulus (wie se naam eers Saulus was), was 'n hoog geleerde kerkleier in daardie tyd. Hy het nie vir Jesus herken as sy Verlosser nie, dus het hy nie in Jesus geglo nie.

***Saulus beteken: 'belangrike een'*** *... in die wêreld se oë*

Nadat Jesus Saulus se hart aangeraak het, het Saulus se HELE lewe verander. Hy het Jesus ontmoet en baie lief geraak vir Hom. Jesus stuur toe vir Saulus uit, om die wêreld van Hom te gaan vertel. Saulus is gehoorsaam en reis wyd en suid om mense van Jesus te vertel. Saulus se naam verander ook na Paulus, omdat hy nou 'n **heel nuwe mens** is, met 'n nuwe doel, identiteit en uitkyk oor die lewe.

***Paulus beteken: 'klein'*** *... in die wêreld se oë (...maar belangrik in God se oë!)*

4. Wanneer sê Paulus, het God al besluit om hom te gebruik om die **storie van Jesus** (**evangelie**/goeie nuus van Jesus), te verkondig? (**vers 15**)

______________________________________________

5. Lees nou **Efesiërs 1:4**. Wanneer het God ook vir jou uitgekies om Sy kind te wees? ____________________________________

**Dink vir 'n oomblik hieroor...**

God het jou in gedagte gehad voordat Hy enige iets van die skepping begin skep het. **Jy was EERSTE in Sy hart en gedagtes!** Eers daarna het Hy die hele wêreld beplan sodat jy, Sy liewe kind, lekker daarin kan speel, leef en woon!

6. Voltooi die sinne:

Ek wonder ____________________________________________

______________________________________________________

Ek verstaan nie _________________________________________

______________________________________________________

Ek leer vir die eerste keer dat ___________________________

______________________________________________________

7. Het dit al gebeur dat **jy verdwaal** het ? Vertel waar dit gebeur het.

______________________________________________________

Hoe het jy gevoel toe jy verlore was? _______________________

Hoe het jy gevoel toe jy weer jou bekende pad gekry het, en terug kon wees by jou ma of pa of iemand wat jy geken het?

______________________________________________________

*Partykeer kan dit gebeur dat God se kinders **afdwaal of weg wandel** van Hom. Tog vergeet God nie dat ons Sy kind is nie. Hy sorg nogsteeds heeltyd vir Sy kinders en wag vir ons om terug te kom na Hom toe. Dit is presies wat met Paulus gebeur het. God het vir Paulus as Sy kind beplan en geskep laaaaaaankal al, voordat Hy die aarde geskep het. Paulus het eers ander draaie gestap, weg van God af. In Sy Liefde, ontmoet Jesus vir Paulus en draai sy hart weer terug na Hom toe, sodat God Sy lewensdoel deur Pauls kan bereik.*

# Dag 3: Paulus die Apostel

Voltooi Paulus se woorde in die blokkie hieronder. Paulus het geweet dat hy nie uit homself lewe nie, maar dat God nou deur en in Hom lewe. Hy het geweet hy verteenwoordig Jesus se beeld oral waar hy gaan, omdat sy hart nou aan Hom behoort.



... en nou is dit nie ______________________________________,

maar ____________________________________________________. Gal 2 :20a

1. Vra vir Heilige Gees, jou Onderwyser van die Woord, om die Bybel se woorde vir jou verstaanbaar te maak soos jy verder daaruit lees.

2. Lees deur **Galasiërs 2:1-10** . Paulus vertel verder vir die mense van Galasië, hoe sy geskiedenis om die evangelie van Jesus te verkondig, verloop het.

3. Weet jy wat die ***idioom*** : *"soos 'n wolf in skaapklere"* beteken?

______________________________________________________________

4. Het jy geweet Jesus het hierdie ***idioom*** gebruik toe Hy die mense van God se Koninkryk geleer het? Lees **Matteus 7:15**. Teen wie waarsku Jesus Sy kinders? ______________________________________________________

5. Lees nou weer **Galasiërs 2 vers 4.**

*Sien jy dat daar somtyds mense tussen God se kinders inkom, met vals (verkeerde) motiewe/voorwendsels. Hulle 'maak' of hulle God se kinders is (dra 'n woljassie om soos 'n skaap te lyk – soos God se kinders te lyk), maar in werklikheid het hulle 'n verskuilde agenda (onder die woljas, kruip 'n gevaarlike wolf weg), wat eintlik 'n slegte en verskuilde plan het.*

*Dit kan prakties gebeur* ***wanneer iemand kom en die waarheid van dít wat Jesus vir ons in Sy Woord geleer het, verander of verdraai****. In vandag se lewe kan sommige mense sê dat die Bybel 'outyds' is of dat die Woord van God nie regtig saak maak nie.*

*Hierdie is **leuens** wat mense tussen God se kinders saai. Jesus noem iemand wat Sy waarheid verander of verdraai, 'n vals profeet.*

6. Teken nou 'n prent van 'n wolf met 'n wollerige skaapkleed oor hom.

*Die Wolf is/verteenwoordig **'n leuen** wat die wêreld verkondig/glo, wat **teen die Woorde van Jesus/God** staan. Kan jy dink aan leuens wat teen God se Woord staan, maar deesdae aangeneem word as algemeen in die wêreld?*

*Vra jou ouers om hier leiding te gee as jy sukkel.* ☺

Die **wolf** verteenwoordig die **leuen**

wat sê ______________________________

______________________________________

______________________________________

Maar die **Bybel** leer my die **waarheid** is

dat ________________________________

______________________________________

7. Voltooi die tabel deur die inligting in **vers 7 en 8** te gebruik.

| Apostel | ...het die evangelie verkondig aan die ... |
|---|---|
| Petrus | |
| Paulus | |

8. Lees weer **vers 6** . Wat in hierdie vers praat met jou hart ? Wat leer jy van HOE God na mense kyk?

______________________________________________________________

Vergelyk bogenoemde vers in jou Bybel met hierdie vertaling :

Die leiers van die gemeente – wat hulle vroeër was, maak nie vir my saak nie; *God kyk nie na 'n mens se uiterlike nie* – die leiers van die gemeente het aan die evangelie wat ek verkondig, niks toegevoeg nie... *- Galsiërs 2:6 Die Boodskap*

# Dag 4: Paulus, Petrus en Geloof



Voltooi Paulus se woorde wat hy in geloof gespreek het. Hy het vas geglo dat **Jesus in hom leef** en dat dit hom 'n kind van God maak.

... en nou is dit nie ____________________________________,

maar __________________________________________________. Gal 2 :20a

1. Vra vir Heilige Gees om jou by te staan soos jy verder deur Galasiërs lees. Hy verduidelik die Woord aan jou en help jou om dit deel van jou eie lewe te maak.

2. Lees **Galasiërs 2:11-21** .

3. Verduidelik die woorde of gee sinonieme daarvan:

| | |
|---|---|
| huigel (v.13) | ____________________________________ |
| vrygespreek (v.16) | ____________________________________ |

Dink jou in ...



Jy en jou maat speel kaart of 'n speletjie. Jy sien dat jou maat lekker kroek (oneerlik is). Hy/sy kyk skelmpies na van die kaarte se opskrifte of loer na die prentjies aan die onderkant voordat dit sy/haar kans is. Jy weet dat dit wat hierdie maat doen verkeerd en oneerlik is. Hoe tree jy op?

4. Hoe laat dit jou voel wanneer iemand kroek of oneerlik in hulle optrede is?

____________________________________________________________

5. Hoekom dink jy tree mense oneerlik op en wil hulle nie die *"reguit pad van die waarheid (eerlikheid)"* stap nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Dieselfde het gebeur met Sefas. Paulus het agtergekom dat Sefas se optrede tussen die gelowiges verkeerd was (**vers 11**). Sefas het begin wankel in die waarheid en van die reguit pad van die evangelie (**vers 14**) afgedwaal. Paulus was baie bekommerd dat hierdie verkeerde optrede van Sefas ander kinders van God leer om dieselfde as hy te doen.

Dink na oor hoe belangrik **jou manier van lewe** (net soos Sefas sin) as kind van God is. Deur jou **eerlike optrede** of voorbeeld, verteenwoordig jy Jesus se voorbeeld aan ander kinders en mense.

7. Omkring die deel van die tabel wat Paulus sê, hoe ons as kinders van God nou lewe en dink.

| Die WET | Lewe deur **geloof** in Jesus |
|---|---|
| Ek onderhou Moses se wette. | Ek glo in Jesus.<br>Ek is vrygespreek deur Jesus. |
| Ek lewe vir die wet. | Ek is dood vir die wet.<br>Ek lewe vir God alleen. |
| Ek glo nie volkome dat Jesus my vrymaak nie. | Ek is saam met Jesus gekruisig.<br>Jesus bly nou IN my. |

8. Lees weer **vers 19 en 20**. Teken 'n prent van hoe jy saam met Jesus gekruisig is. Wys hoe **Jesus nou IN en DEUR jou leef**, omdat jy IN Hom **glo**.

Galasiërs 2:19-20

# Dag 5: Wette of geloof in Jesus

Ken jy al Galasiërs 2:20 uit jou kop? Voltooi Paulus se woorde hieronder. Kan jy ook in geloof sê dat **Jesus in jou leef?** _______ Glo jy vas dat jy 'n kind van God is? _________



*... en nou is dit nie ___________________________________,*

*maar ______________________________________________________.* *Gal 2 :20a*

1. Bid 'n kort gebed en vra Heilige Gees vir leiding terwyl jy verder uit die Bybel lees. Laat Hom toe om die woorde wat jy lees vir jou verstaanbaar en oop te maak.

2. Lees **Galasiërs 3:1-14** rustig deur en dink aan elke vers soos jy lees. In hierdie hele gedeelte vergelyk Paulus twee kante met mekaar: om die ou testament se **wette te gehoorsaam** teenoor **om te glo in Jesus** (nuwe testament).

3. Paulus noem 'n paar voordele daarvan om **in Jesus te glo**, eerder as om 'n hele klomp wette te gehoorsaam en God so te probeer tevrede te stel. Kan jy van dit raaklees in die verse van vandag? Lees deur die onderstaande tabel en kleur die blokke soos wat Paulus jou verduidelik, Jesus se begeerte vir jou is.

| *Gehoorsaam/volg van WETTE* | *Om te lewe in GELOOF in Jesus* |
|---|---|
| • Onderhouding van wette (v.5) | • Ontvang die Heilige Gees (v.2) |
| • Val onder die vloek (v.10) | • **Glo** in die evangelie van Jesus (v.2) |
| • Word nie deur God vrygespreek nie (v.11) | • Word vrygemaak / losgekoop omdat ek glo in Jesus (v.7,11,13) |

## Iets om te oordink...

Sal dit vir jou lekker wees as jou ouers **elke dag** vir jou 'n lang lys van takies gee wat jy MOET doen sodat jy daardeur vir hulle kan wys, dat jy hulle liefhet?

4. Merk op die lys watter van die takies jy sal geniet om te doen.

| Taak/WET beskrywing | EK wil dit regtig nie doen nie! | Ek sal dit elke dag doen |
|---|---|---|
| Jy MOET elke oggend 5h opstaan en dan dadelik begin met jou takies in en om die huis. | | |
| Jy mag net die klere aantrek wat jou ma/pa vir jou uitsit/kies om aan te trek elke dag. | | |
| Jy moet net tevrede wees met wat jy vir ete kry en mag nooit sê waarvoor jy self lus is nie. | | |
| Jy mag net speelgoed en klere kry wat jou ouers vir jou uitgekies het. Self, mag jy nie uitkies nie. | | |

5. Hoekom sal dit vir jou sleg wees om bogenoemde reëls te volg?

____________________________________________________________

6. Hoekom dink jy **gee jou ouers vir jou keuses** om self uit te kies wat jou hart gelukkig maak en om jou uit te leef in jou unieke menswees?

____________________________________________________________

7. Vra jy soms vir jou ouers leiding of raad indien jy nie presies weet wat om te doen of kies nie? ____________ Hoekom is hulle raad vir jou belangrik?

____________________________________________________________

Jy sien, omdat jou ouers jou **liefhet**, gee hulle vir jou **keuses**. Maar omdat hulle al meer ondervinding in die wêreld het, kan hulle vir jou goeie raad gee om die regte keuses te maak. Dis net so in ons verhouding met God. Omdat God jou baie liefhet, gee Hy vir jou keuses en nie wette om te volg om Hom gelukkig te maak nie. **Om keuses te kan maak, is 'n groot voorreg en present, maar 'n verantwoordelike present. Elke keuse het 'n gevolg.** Vra gereeld vir God om jou te lei in die keuses wat jy maak.



## Dag 6: Die Wet en die Belofte

Verklaar Galasiërs 2:20 net soos Paulus dit gedoen het baie jare gelede, nou self in die blokkie hier onder.



Gal 2 :20a


1. Draai in gebed na God en sê vir Hom dankie vir iets spesifieks vandag. Dink aan alles wat jy het en vertel vir God hoekom jy dankbaar daarvoor is. Vra ook vir Heilige Gees om jou te help om die Skrif vir jou oop en verstaanbaar te maak in vandag se verse.

2. Lees **Galasiërs 3:15-20** hardop deur. Stop na elke vers en dink bietjie daaroor.

3. Omkring die woorde wat verduidelik wat 'n "Verbond" (**vers17**) is.

TESTAMENT STORIE WET GRAPPIE BELOFTE OPDRAG OOREENKOMS

4. Kyk na die geskiedenislyn wat beskryf word in **verse 17-18**.




God maak **beloftes** aan Abraham en sy nageslag wat Hy nooit sal breek nie, omdat Abraham in God **glo**.

God gee die Tien Gebooie aan Moses. Die wette wys vir mense alles wat hulle verkeerd doen (sonde in hul lewens).

Jesus se koms na die aarde was die **belofte** van God. Deur in Jesus te **glo**, maak dit vir ons moontlik om **Heilige Gees te ontvang**.

5. Wat is die groot belofte wat God vir Abraham gemaak het wat vandag nog staan vir my en jou? Lees **Genesis 17:7** en skryf neer wat God vir Abraham gesê het Hy **sal** doen (en vandag nogsteeds belowe vir die wat in Hom **glo**).

______________________________________________

______________________________________________

Wanneer iemand lewe en besittings het, stel so persoon gewoonlik 'n **testament** op, sodat, wanneer dit gebeur dat hy of sy doodgaan, hul besittings verdeel of gegee kan word aan **spesifieke persone** wat "agterbly" – ons noem hierdie persone die **erfgename.**

6. Voltooi die tabel deur jou eie klein testament op te stel. Noem 'n paar van jou kosbaarste besittings en aan wie jy dit graag sou wou gee.

## My Testament

*Hierdie is die testament van* ________________________________

| Beskrywing van my besitting | Erfgenaam |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

7. Die laaste sin van **vers 14** dra die **kern van die gedeelte van vandag**. Skryf dit op die lyntjies hier onder. Sit jou eie naam daarin om die waarheid daarvan vir jou persoonlik te laat uitstaan.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ Galasiërs 3 :14b

## Dag 7: Van Slaaf tot Seun



Blaai na **Galasiërs 4:6-7** en voltooi die vers in die blokkie hieronder.

En omdat ons Sy ____________________ is, het God die
__________________________ in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit:
______________________________________.

Jy is nou nie meer 'n ____________ nie, jy is nou 'n ___________ van God.
En omdat jy Sy kind is, het God jou ook Sy __________________ gemaak.

*Galasiërs 4:6-7*

1. Bid 'n kort gebed voor jy uit jou Bybel lees. Vra vir Heilige Gees wat in jou hart bly, om jou te leer wat die verse beteken soos wat jy met die Bybelstukkie besig gaan wees.

2. Lees **Galasiërs 3:21-4:7** rustig en hardop deur. Stop hier en daar en dink oor die woorde in die vers. Dink aan wat dit vir jou sê in jou eie lewe.

**Al wat God van ons vra is om IN Hom te glo. Te glo dat Hy goed is en dat Hy alleen God is. Ons moet glo dat Jesus God se Seun is en gestuur is, sodat ek en jy 'n lewe saam met God kan hê, vir ewig. Deur te glo in Jesus, maak my 'n kind van God, daarom erf ek saam met Jesus alles wat Hy by Sy Pa kry!**

3. Volgens **vers 22**, wat alleen is nodig om die **belofte (van Heilige Gees)** te verkry? ____________________________________________

4. Vergelyk **vers 26 en 27** in jou Bybel met ander vertalings op die volgende bladsy en skryf in jou eie woorde neer wat hierdie verse vir jou sê.



[26-27] You were all baptized into Christ, and so you were all clothed with Christ. This shows that you are all children of God **through faith in Christ** Jesus. *–International Children's Bible*

26-27 Ja, soos 'n kwaai oppasser het die wet heeltyd oor ons baasgespeel totdat Christus uiteindelik gekom het. Maar nou het ons **geloof** ons in die regte verhouding met God gebring. Daarom staan ons nie meer onder die baasskap van die wet nie. *–Die Boodskap*

*26You have all become true children of God* ***by faith in Jesus Christ!*** *27* ***Faith*** *immersed you into Christ, and now you are covered and clothed with his life.*

*– The Passion Translation*

26 **Deur hierdie geloof** in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, 27 want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. *– Afrikaans 1983 vertaling*

Ek verstaan dat ______________________________________________

______________________________________________

5. Sal jy liewer 'n **werknemer** (*slaaf*) in jou ouers se huis, besigheid of plaas wil wees, of sal jy eerder verkies om hulle **kind** (**seun/dogter**) te wees? Verduidelik jou antwoord.


______________________________________________

______________________________________________

**Slawe volg reëls en wette. Dink daaroor. Daar is 'n sekere tyd wat werkmeners begin werk en moet ending met hulle werk. Ander reëls geld weer tydens hulle werksure. Maar wanneer jy 'n kind in die huis is, is jy vry om te doen wat jy wil en wanneer jy wil. Ander reëls geld dus vir jou, as vir die persoon wat by julle werk. Net so, wil God jou Sy kind maak, wat vry kan lewe eerder as 'n slaaf wat klomp reëls en regulasies moet nakom. Dit kan net gebeur wanneer jy in Jesus glo.**


6. Wat sê **Galasiërs 4:6** gebeur met jou **hart** wanneer jy 'n kind van God word?

______________________________________________



# Dag 8: Paulus is besorg

Blaai weer na **Galasiërs 4:6-7** en voltooi Paulus se woorde in die blokkie hieronder.



En omdat ons Sy ____________________ is, het God die ________________________ in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit: ________________________________________.

Jy is nou nie meer 'n ____________ nie, jy is nou 'n ___________ van God. En omdat jy Sy kind is, het God jou ook Sy __________________ gemaak.

*- Galasiërs 4:6-7*

1. Nooi Heilige Gees uit om saam met jou verder te lees in **Galasiërs**. Hy help jou om dit wat jy lees, beter te kan verstaan, sodat die Woord van God diep in jou gees, 'n waarheid vorm.

2. Lees rustig en nadenkend deur **Galasiërs 4:8-20** .

3. Voltooi:

Ek wonder hoekom_______________________________________________

_______________________________________________________________

Ek hoor vir die eerste keer dat____________________________________

_______________________________________________________________

Ek weet nou dat___________________________________________________

_______________________________________________________________

3. Het jy al 'n verlore diertjie of voëltjie aangeneem as jou eie en dit grootgemaak? Vertel daarvan.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

Wanneer ouers 'n kind **aanneem**, beteken dit dat hulle hierdie kind neem en ten volle aanvaar. Hulle maak hierdie kind, deel van hulle eie huis en gesin. Die aangenome kind se hele lewe verander! Hierdie kind is nou deel van sy/haar nuwe gesin en geniet al die voordele wat hierdie huisgesin hom/haar bied.

4. Dit is net so met jou kindskap in God. Blaai twee blaaie in jou Bybel aan en lees **Efesiërs 2:19**. Skryf neer hoe hierdie verse met jou hart praat.

________________________________________

________________________________________

5. Is jy somtyds bietjie skrikkerig wanneer dit baie donker in die nag is? Hoekom dink jy is dit so? ______________________________
Veduidelik hoe jy sal voel as iemand die lig vir jou aansit. Hoe voel jy nou?

________________________________________

6. **1 Petrus 2:9** verduidelik hoe God elkeen van Sy kinders uit 'n baie donker (duister) plek haal en dan in die mooiste helder lig by Hom neersit vir altyd. Hierdie proses gebeur die dag wanneer iemand besluit hulle gee hul harte vir Jesus en begin om in Hom te glo.

Teken hierdie vers van Petrus in die blok hieronder sodat die waarheid daarvan vir jou sigbaar word. Teken twee kante, die pikdonker kant en hoe God se Hand jou daar uithaal en na 'n helder, ligte plek naby aan Hom neersit. Skryf ook neer wie God jou nou noem omdat jy in Hom glo.

Ek is nou deel van God se:

- Uitverkore volk


____________________

____________________

____________________

# Dag 9: Hagar en Sara

Voltooi Paulus se woorde in die blokkie hieronder. Kan jy die verse uit jou kop leer?



En omdat ons Sy ___________________ is, het God die _______________________ in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit: _____________________________________.

Jy is nou nie meer 'n ___________ nie, jy is nou 'n __________ van God. En omdat jy Sy kind is, het God jou ook Sy _________________ gemaak. - *Galasiërs 4:6-7*

1. Heilige Gees is jou Onderwyser en Hy bly binne-in jou! Jy kan Hom enige tyd van die dag of nag iets vra. Vra Hom nou om jou die verse te help verduidelik soos wat jy verder uit jou Bybel lees.

2. Lees deur **Galasiërs 4:21 - 5:1** . Paulus vergelyk twee verbonde aan die mense van Galasië. Hy gebruik die voorbeeld van 'n ou testamentiese storie om vir die mense te verduidelik wat hy bedoel.

3. Kyk of jy die inligting van die eerste kolom, kan verdeel tussen die tweede en derde kolom. Gebruik die inligting wat jy in vandag se elf verse gelees het.

| Twee verbonde: | Hagar | Sara |
|---|---|---|
| • Vry/slaaf<br>• Wet/belofte<br>• natuurlik/Heilige Gees<br>• Isak/Ismael<br>• Seun/slaaf<br>• Slawejuk/vryheid | | |

4. Skribbel ( 'doodle' ) **Galasiërs 5:1** in 'n mooi skrif in die raampie hieronder.

5. Lees nou ook aandagtig deur **Galasiërs 5:2-5:12** .

6. Skryf die vers/e neer wat vir jou mooi is of met jou hart praat.

______________________________________________

______________________________________________

7. In **vers 6** sê Paulus dat baie goed nie nodig is wanneer jy in Jesus glo nie. Wat sê Paulus is die belangrikste wanneer jy in Jesus glo? (**vers 6** laaste gedeelte). ______________________________________

______________________________________________

Het dit al gebeur dat iemand jou **omgepraat** het om iets te doen? Dink bietjie hoe ander **maats jou kan beïnvloed** wanneer julle saamspeel. Dalk het jy geweet jy mag net een sjokolade uit die kas vat, maar jou maat (wat by jou kuier), het gesien daar is meer. Nou probeer hy/sy jou ompraat om nog te gaan haal. Gaan jy **toegee** aan sy/haar versoek?

Dalk het julle lekker gesels en toe begin die een maat oor ander kinders skinder of daag jou uit om iets te doen wat jy regtig nie wil saamdoen nie. Jy weet wat hulle voorstel is verkeerd.

**Wanneer maats jou ompraat, kan dit jou somtyds deurmekaarmaak (verwar) tussen die regte (waarheid) en verkeerde (leun) optrede.**

8. Lees weer **verse 7-10**. Aan die begin was God se kinders in Galasië goed op pad in hulle geloof, maar toe kom daar mense (vals profete) wat vir hulle ander wette en reëls byleer. Hoe sê Paulus, het hierdie vals mense, God se kinders beïnvloed? Wat was die gevolg van hulle **ongehoorsaamheid** om so beïnvloed te word en van die waarheid van God se Woord **af te wyk**?

______________________________________________

______________________________________________

# Dag 10: My Sondige Natuur en Heilige Gees

Kyk of jy hierdie vers kan verpersoonlik deur jou eie naam op die vetgedrukte lyne in te vul en die vers verder te voltooi soos wat dit in Galasiërs 4:6-7 in jou Bybel staan.



En omdat **____________** Sy ____________________ is, het God die ________________________ in **______________** se harte gestuur en in my roep Hy uit: _____________________________________.

**______________** is nou nie meer 'n ____________ nie, ek is nou 'n ___________ van God. En omdat **_____________** Sy kind is, het God my ook Sy __________________ gemaak. - *Galasiërs 4:6-7*

1. Vra vir Heilige Gees, jou Helper en Onderwyser van die Woord, om die volgende verse wat jy gaan lees, vir jou verstaanbaar te maak.

2. Lees deur **Galasiërs 5:13-26** terwyl jy in gedagte hou dat Paulus die mense van hierdie dorp (Galasië) verder die verskil leer, hoe die lewe van 'n kind van God lyk, teenoor die lewe van iemand wat glad nie in Jesus glo nie. Dis baie belangrik dat die **manier waarop God se kinders (gelowiges) leef, heeltemal anders sal lyk** as die leefwyse van mense wat glad nie vir God lief is nie!

3. As jy die **belangrikste boodskap** wat jy glo God vir Sy kinders wil sê **in een sin** kan neerskryf, wat dink jy sal dit wees?



**God sal vir elke mens op aarde wil sê:**

________________________________________

4. Paulus som die hele Bybel (wet) in een sin op. Wat sê hy, is die **hoof boodskap en opdrag** aan elke kind van God? (**vers 14**)



________________________________________

Paulus praat hier van die verskil tussen elke mens se **sondige natuur** (dit wat jy wíl doen) teenoor jou as **geesvervulde-mens**, wat deur *Heilige Gees gelei en help word om gehoorsaam te wees* (deur dit wat God jou wil laat doen/ wat in Sy oë reg is).

## VOORBEELD:

Dit is amper etenstyd en jy is baie honger. Jou ma vra dat jy nie nou lekkers moet eet nie, omdat die kos amper gereed is. Jy weet jy moet gehoorsaam aan haar wees (dis **jou gees-mens** wat gehoorsaam aan jou ouers is volgens God se begeerte) maar is nou in stryd met jou honger maag (vlees). Jy wonder of jy nie maar net 'n pakkie tjips kan eet nie, net om darem te kan 'hou' voor die kos kom. Jou ma het darem gepraat van 'lekkers', nie tjips nie !

Kan jy sien hoe in stryd mens partykeer is tussen dit wat jy **weet reg is** en dit wat jy **graag wil doen** net omdat dit vir jou lekkerder gaan wees en jou vlees vinniger tevrede gaan stel of beter sal laat voel vir daardie rukkie?

5. Lees nou weer **vers 17+18**. Maak dit meer sin ? Kan jy aan nog sulke voorbeelde dink hoe jou gees en vlees met mekaar in stryd is?

______________________________________________

6. Voltooi die tabel deur die **optredes van mense** neer te pen : die wat hulle deur hulle **sondige natuur** laat lei (**vers19-21**) teenoor dié mense wat **gehoorsaam is aan Heilige Gees** se leiding in hulle harte (**vers 22-23**).

| Sondige Natuur | Gehoorsaam aan Heilige Gees |
|---|---|
| | ✓ |

7. Ek het vandag geleer dat ________________________________________

________________________________________________________________



# Dag 11: Dra mekaar se laste

Kyk of jy Galasieërs 4:6-7 al uit jou kop kan opsê. Skryf dit dan neer. Onthou om jou naam op die vetgedrukte lyntjies in te vul. Op hierdie manier maak jy die woorde van die Bybel direk op jou lewe van toepassing.



En omdat ____________ Sy ____________________ is, het God die ___________________________ in ______________ se harte gestuur en in my roep Hy uit: _______________________________________.

______________ is nou nie meer 'n ____________ nie, ek is nou 'n ___________ van God. En omdat ______________ Sy kind is, het God my ook Sy __________________ gemaak. - *Galasiërs 4:6-7*

1. Laat Heilige Gees toe om jou te help met die laaste stukkie van Galasiërs soos jy daaruit lees. Vra dit vir Hom in 'n kort gebedjie voor jy begin om uit jou Bybel te lees.

2. Lees **Galasiërs 6:1-18** stadig deur en dink ook elke vers soos jy dit deurlees. Stop na 'n vers en dink daaroor. Dink aan 'n voorbeeld in jou lewe of probeer verstaan wat Paulus in hierdie verse vir jou probeer sê.

3. Wat dink jy is die kernboodskap van die volgende verse / wat dink jy wil God vir jou deur hierdie vers sê of leer?

**Vers 1** ____________________________________________

____________________________________________

**Vers 2** ____________________________________________

____________________________________________

**Vers 4** ____________________________________________

____________________________________________



4. Hoe praat **vers 9** jou moed in as jy dink aan jou skoolwerk, of jou getroue versorging van jou troeteldiere of jou mooi gewoonte om hardwerkend altyd jou ouers te gehoorsaam ?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5. Paulus sê dat hy nie oor enige iets wil **trots wees** (roem) in sy lewe nie, behalwe een ding. Wat is dit? Teken dit in die blokkie hieronder en skryf die laaste gedeelte van **vers 14** op die lyntjies neer.

Paulus sê dat hy net sal roem in _____________

_________________________________________ ,

want _____________________________________

__________________________________________

__________________________________________

__________________________________________

Galasiërs 6:14

6. Voltooi die sinne:

Ek wonder ____________________________________________________________

Ek kom nou agter dat ___________________________________________________

Ek glo God wil vir my deur vandag se verse sê dat ____________________________

______________________________________________________________________

7. **Wanneer jy 'n kind van God is, is jy 'n nuwe mens.** Die ou mens (gewoontes) wat jy gehad het, wat nie so goed en in God se wil vir jou lewe was nie, is nou verby. God vra van ons dat ons al meer gehoorsaam sal wees aan Heilige Gees se leiding IN ons, sodat ons meer en meer Jesus se voorbeeld sal uitleef.

Skryf neer wat Paulus in **vers 15** vir jou sê en vir hom nou **die belangrikste is:**

______________________________________________ -Gal 6:15

& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

**deur Carien Stander**

**www.thedesertcall.com**

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke. carien@hencar.co.za